

# LAERSKOOL EVERSDAL

## GEDRAGSKODE

### INLEIDING

Laerskool Eversdal verbind homself daartoe om 'n skoolomgewing daar te stel wat gehalte-onderwys en 'n positiewe leeromgewing skep deur

- Die regte en veiligheid van alle leerders, onderwysers en ouers te verseker;
- Leerders te leer om verantwoordelikheid vir hul eie optrede en gedrag te aanvaar;
- Voorkoming van alle vorme van onregverdige diskriminasie en onverdraagsaamheid;
- Afbrekende en steurende gedrag uit te skakel.
  - Geïntegreerd tot hierdie Gedragskode is die Grondwet, die SA Skolewet (84 van 1996) en ander wette en die skool se Gedragskode, wat ook die skoolreëls insluit.
  - Enige kriminele oortreding deur 'n leerder, hetsy by die skool of nie, sal beskou word as 'n verbreking van die Gedragskode en die skool sal daarop geregtig wees om op te tree teen die leerling, asook sanksies teen sodanige leerder in te stel, sou die leerder skuldig bevind word aan enige kriminele oortreding.
  - Dit is nie moontlik om die gedrag soos verwag van leerders vir **elke** omstandigheid te lys nie. Dit word egter van elke leerder verwag om op te tree en aan te trek soos wat redelikerwys verwag kan word en in ooreenstemming met die skool se Gedragskode.
  - Daar word van elke ingeskrewe leerder van die skool verwag om 'n verklaring van toewyding tot die skool se Gedragskode te onderteken. (Bylae A). Die bestuur van die Gedragskode is die verantwoordelikheid van die Dissiplinêre Komitee, sowel as elke opvoeder van die skool.
  - Dit word aanbeveel dat elke ouer ook hierdie Gedragskode onderteken.

### DEEL 1 SKOOLREËLS

#### A. ALGEMENE BEGINSELS

1. Van leerders word verwag om met respek teenoor mekaar, die Ewerraad, alle personeellede en besoekers aan die skool op te tree te alle tye.
2. Die Gedragskode en skoolreëls is van toepassing op alle skoolverwante aktiwiteite. Dit sluit in sport-, kulturele- en ontspanningsaktiwiteite, asook toere, uitstappies, danse (Sokkies), funksies en vergaderings en vervoer na en van die skool vir skoolaktiwiteite.

3. Dit geld ook vir leerders in die openbaar, weg van die skoolterrein binne/buite skoolure, as die leerder geïdentifiseer kan word as 'n leerder van die skool.
4. Geen leerder het die reg om so op te tree dat dit die onderrig van ander leerders ontwig, of ander leerders fisiese of emosionele skade aandoen nie.
5. Die skool sal die ouer(s)/voogde kontak indien 'n leerder se gedrag kommerwekkend is. Die skool sal ook alles in sy vermoë doen om die probleem op te los, want hy is in vennootskap met die ouerhuis.

## **B. SKOOL- EN KLASBYWONING**

Ouers/Voogde, leerders, onderwysers en die BL (BL) is gesamentlik daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat leerders skool bywoon.

1. Indien 'n leerder nie gereeld skool bywoon nie, moet die klasonderwyser die afwesigheid van die leerder skriftelik (bv. e-pos) aan die ouer, sowel as die skoolhoof rapporteer. Die klasonderwyser moet afskrifte van alle kommunikasie aan die ouers bewaar indien afwesigheid gerapporteer word.
2. Alle leerders moet betyds (voordat die skool begin) by die skool wees. Leerders wat laat is, moet afwesig gemerk word, aangesien klasregisters aan die begin van elke dag afgemerk word. Laatkommers moet eers by Ontvangs aanmeld voordat hulle na hul klasse gaan.
3. Afwesigheid van klasse, sonder toestemming van die betrokke onderwyser, is verbode.
4. Enige afwesigheid van skool moet vergesel word van 'n brief van 'n ouer/voogde sodra die afwesige terugkeer skool toe.
5. Indien 'n leerder vir 'n periode van drie (3) dae of langer afwesig is, moet hierdie afwesigheid ondersteun word deur 'n mediese sertifikaat van 'n mediese dokter.
6. Afwesigheid tydens 'n formele eksamen, toets of taak, moet ondersteun word deur 'n brief van 'n mediese dokter.

7. Geen leerder mag die skoolterrein verlaat gedurende amptelike skoolure sonder 'n briefie van 'n ouer/voog wat toestemming aanvra nie.
8. Stokkiesdraai van skool word verbied.

### **C. SKOOLUNIFORM EN ALGEMENE VOORKOMS**

Van leerders word verwag om die skooluniform met trots te dra en hul voorkoms moet te alle tye skoon en netjies vertoon.

1. Geen toevoegings tot die skooluniform wat nie in lyn is met die regulasies nie, mag gedra word nie (bv. 'n mussie).
2. Geen juweliersware, ander bykomstighede of sigbare tattoeërmerke word toegelaat nie.
3. Hare mag nie gekleur word nie en uitspattige/eksotiese haarstyle word nie toegelaat nie.
4. Vingernaels moet kort geknip en te alle tye skoon wees.
5. Aktiwiteite wat die dra van gewone klere toelaat, vereis dat leerders netjiese, aanvaarbare klere dra. Stranddrag, styfpassende, deurskynende, en klere wat te gewaagd en uitlokkend is, word nie toegelaat nie. Hare, skoene en bykomstighede moet te alle tye netjies wees.
6. Enige afwyking van die voorgeskrewe skooluniform moet formeel deur die BL goedgekeur word.

### **D. WAARDEVOLLE EN PERSOONLIKE BESITTINGS**

Die skool sal nie aanspreeklik gehou word vir diefstal of beskadiging van persoonlike besittings op die skoolterrein nie. (bv. selfone, iPads, sportsakke, klere)

1. Leerders word ontmoedig om selfone, groot bedrae geld en waardevolle besittings skool toe te bring. Selfone mag nie gedurende skoolure aangeskakel wees nie, tensy dit in opdrag van die opvoeder aangeskakel moet word.
2. Indien 'n ouer 'n leerder versoek om skoolgelde namens hom-/haarself by die skool te betaal, moet hierdie gelde in die kluis by die Finansiële Kantoor gedeponeer word voor skool, of sodra die skooldag begin.

3. Leerders mag nie rekenaarspeletjies, iPods of ander soortgelyke elektroniese speelgoed skool toe bring nie.

## **E. ALGEMENE REËLS**

1. Rondsletter en/of rondspeel in die skool en binne die gange, trappe en badkamers, is verbode.
2. Alle vullis moet in vullisdromme gegooi word.
3. Doelbewuste beskadiging, vandalisme of verwaarlosing van skool-eiendom en ander leerders/personeel se eiendom, deur daarop te skryf of dit fisies te beskadig, is verbode. Diefstal van skool- of privateiendom is ook verbode.
4. Kullery in klaswerk, huiswerk en informele en formele assesserings, word streng verbied. Die kopieëring (afskryf) van 'n mede-leerder se werk, of die leen van 'n ander leerder se werk, is verbode.
5. Ontwrigtende, oproerige, onbeskofte en/of aanstootlike gedrag sal nie geduld word nie.
6. Dit is elke leerder se verantwoordelikheid om werk betyds in te handig.
7. Leerders wat versuim om 'n mediese sertifikaat in te dien na afwesigheid tydens 'n formele eksamen/toets/assesseringstaak, sal 'n "0"-punt (nul) vir die spesifieke eksamen/toets/assesseringstaak ontvang. Waar moontlik sal 'n alternatiewe assessering gereël word.
8. Elke leerder sal die geloof, kultuur, waardigheid en regte van medeleerders, sowel as hul reg tot privaatheid en vertroulikheid eerbiedig.
9. Ongunstige taalgebruik wat diskriminerend of rassisties is, word ten sterkste verbied.
10. Enige optrede wat afbrekend of vernederend is ten opsigte van ander leerders se kultuur, ras of geloof, word verbied.
11. Alle leerders het die reg om onderrig te ontvang sonder inmenging, intimidasie en/of fisiese mishandeling. Die leerder moet die veiligheid van ander leerders respekteer. Bakleiery of die dreig van ander leerders is verbode.

12. Die leerder sal ander leerders wat in gesagsposisies aangestel is, respekteer. 'n Leerder wat in 'n gesagsposisie is, sal hom-/haarself so handhaaf soos wat van hom-/haar verwag word. Hy/sy sal die regte van ander leerders respekteer en sal nie sy/haar regte misbruik wat saam met die magsposisie gekom het nie.
13. Die besit, kopieëring en/of lees van aanstootlike materiaal is verbode.
14. Leerders moet wegbly van gebiede/plekke wat gemerk is as buite perke. Hierdie gebiede sluit in:
  - 14.1 Die skoolvoertuie se motorhuise.
  - 14.2 Die tennisbane en swembad, tensy daar 'n amptelike sportoefening of wedstryd/gala plaasvind, of gedurende 'n les onder toesig van 'n onderwyser of afrigter.
  - 14.3 Distribusieborde, brandblussers en brandslange.
  - 14.4 Parkeerareas, bv. die Karpark, tensy daar hulp verleen word aan 'n onderwyser.

## **F. REËLS VIR OPENBARE PLEKKE**

Die skool is 'n plek van veiligheid waar reëls met betrekking tot openbare plekke geld.

1. Geen gevaarlike voorwerpe of onwettige dwelms, soos beskryf in die SA Skolewet (84 van 1996) of die Veiligheidsregulasies mag op die skoolterrein gebring of gebruik word nie, tensy daar toestemming vanaf die skoolhoof verkry is vir opvoedkundige doeleindes. Gevaarlike voorwerpe wat messe, gewere of enige item wat iemand kan beseer, insluit, is verbode.
2. Die dra van/rook van sigarette is verbode.
3. Die gebruik en besit van alkohol, onwettige chemiese stowwe en dwelms is verbode.

## **G. VERVOER**

Leerders wat hul fietse binne die skoolgrond wil parkeer, moet gebruik maak van die gebied wat spesifiek aan hierdie fietsparkering toegeken is.

1. Alle leerders parkeer hul fietse op die skoolgronde op eie risiko.
2. 'n Spesifieke area is toegeken vir die veilige bewaring van die fietse en moet deur die leerders gebruik word.
3. Die Gedragskode is van toepassing wanneer van openbare vervoer gebruik gemaak word na en van die skool.

## **H. SKOOLVERRYKINGSPROGRAM**

Betrokkenheid in aktiwiteite soos vervat in die skoolverrykingsprogram vorm 'n waardevolle en integrale deel van die holistiese opvoeding van elke leerder. Daarom verwag die skool dat alle leerders aktief betrokke raak by ten minste een sport- of kulturele aktiwiteit en/of 'n diensleweringssaksie. Die skoolverrykingsprogram sluit slegs die aktiwiteite wat deur die BL goedgekeur is, insluitend buite-muurse- en kurrikulêre aktiwiteite. Ander verrykingsprogramme is nie ingesluit in skoolfooie nie en val onder die beskerming van buite-instansies wat nie aan die skool verbonde is nie.

1. Van die leerder word verwag om te alle tye die korrekte etiket uit te stal wat van toepassing is op die spesifieke aktiwiteit.
2. Sodra 'n leerder hom/haarself verbind tot 'n aktiwiteit, sal hy/sy hom/haarself verbind tot die reëls en verpligtinge wat verband hou met die aktiwiteit.
3. Betrokkenheid by 'n bepaalde aktiwiteit sal voortduur vir die seisoen/duur wat die aktiwiteit plaasvind.
4. Bywoning van alle oefeninge is verpligtend. Afwesigheid sonder 'n geldige verskoning vanaf die ouer, mag daartoe lei dat die leerder vir een wedstryd geskors word.
5. Toepaslike sportuitrusting/uniform moet gedra word na oefeninge.
6. Die regte wedstryddrag moet gedra word na wedstryde.
7. Leerders wat na wegwedstryde reis, moet in die korrekte wedstryddrag reis, tensy daar ander reëlins getref is met die span.
8. Sport- en ander toerusting moet in 'n toepaslike sportsak gedra word.

9. Leerders wat in tuiswedstryde speel, mag in hul wedstryddrag aanmeld by die wedstryd en hoef nie skooluniforms aan te hê nie.

## **I. INAGNEMING VAN GELOOF- OF KULTURELE OORTUIGINGS**

Geloofspraktyke, handhawing van en beleving wat verband hou met die kernwaardes en geloofsoortuigings van 'n erkende geloof, en wat nie in ooreenstemming met enige reëls, soos vervat is in hierdie Gedragskode is nie, sal geakkommodeer word deur die BL van die skool onder die volgende voorwaardes:

1. Die leerder, bygestaan deur die ouer, moet aansoek doen vir die afwyking van die skoolreëls, indien hierdie reëls indruis of in konflik is met enige geloofsregte van die leerder.
2. Hierdie aansoek moet skriftelik wees en moet die spesifieke reël/s identifiseer wat aanstoot gee en indruis teen die leerder se geloofsoortuiging soos wat vervat is in die Grondwet van Suid-Afrika.
3. Hierdie aansoek moet 'n redelike interpretasie van die godsdiensregte insluit wat aanstoot gee vir die leerder en ook voorstel hoe die reëls verander kan word deur die BL om sulke godsdiensregte te akkommodeer.
4. Die leerder moet bewys kan lewer dat hy/sy tot daardie spesifieke geloof behoort en dat die geloofsbeoefening, reëls en verpligtinge in konflik is met die Gedragskode van die skool en dat hy/sy hom daartoe verbind.
5. Die geloofsbeoefening moet wettig wees.
6. Die BL moet die aansoek oorweeg en as hulle tevrede is dat dit geregverdig is en in ooreenstemming met Grondwetlike beginsels, die aansoek skriftelik goedkeur.
7. As die BL toelaat dat daar afwykings voorkom op die skoolreëls, moet hierdie afwykings gebaseer wees op die geloofsbeginsels wat saamhang met die spesifieke geloof en dan moet dit verpligtend wees vir die leerder om aan daardie geloofsbeginsels te voldoen.
8. Die afwyking moet spesifiseer wat dit behels en hoe hierdie afwyking verskil van die normale skoolreëls. Dit moet ook duidelik uitstippel wat die afwyking behels, asook die voorwaardes waaronder hierdie afwykings toelaatbaar sal wees.

9. Enige versoek vir die afwyking van die Gedragskode gebaseer op kulturele regte, moet skriftelik geskied en gebaseer word op 'n proses soortgelyk soos vervat is in subparagraaf 1 - 8 hierbo genoem.

## **DEEL 2 DISSIPLINÊRE STELSEL**

Elke opvoeder is verantwoordelik vir dissipline en het die gesag en verantwoordelikheid om leerders se gedrag aan te spreek en te korrigeer indien nodig. Enige korrektiewe maatreël of dissiplinêre aksie moet ooreenstem en pas by die oortreding.

Alle leerders moet die Gedragskode wat ontwikkel is, gehoorsaam en hulself onderwerp daaraan. Die Gedragskode is ontwikkel om leerdergedrag in die skool te ondersteun en te ontwikkel.

### **A. GRADERING VAN OORTREDINGS**

Oortredings word gegradeer op grond van die aard en erns van die oortreding. Graad 4 oortredings is die ernstigste. Verwys na Addendum B, Tabel 1 vir 'n lys van oortredings vir elk van Graad 1, 2, 3 en 4.

Die graad van 'n oortreding sal bepaal watter prosedure gevolg word.

1. Graad 1 oortreding – 'n skriftelike waarskuwing, gevolg deur 'n finale skriftelike waarskuwing en dan 'n dissiplinêre vergadering.
2. Graad 2 oortreding – 'n finale skriftelike waarskuwing, gevolg deur 'n dissiplinêre vergadering en dan 'n dissiplinêre verhoor.
3. Graad 3 oortreding – 'n dissiplinêre verhoor.
4. Graad 4 oortreding – oortreding word onmiddellik rapporteer aan die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) en 'n dissiplinêre verhoor.

#### **Graad 1 oortredings:**

Alle Graad 1 oortredings sal hanteer word deur die betrokke klasopvoeder. Die persoon wat die insident hanteer, moet dit aanteken, sowel as die straf wat gegee word.

Wanneer 'n graad 1 oortreding vir die vierde keer plaasvind, word die saak verwys na die Dissiplinehoof van die graad. Al die vorige oortredings word ook aan die Dissiplinehoof beskikbaar gestel. Die Dissiplinehoof sal 'n detensiebrief uitreik. 'n



Getekende afskrif van erkenning sal op rekord gehou word deur die Dissiplinehoof van die graad en dit sal ook met die ouer/voog gekommunikeer word.

Indien die spesifieke graad 1 oortreding weer gebeur na dissiplinêre ingryping en nadat 'n detensiebrief uitgereik is, sal die opvoeder, in samewerking met die Dissiplinehoof van die graad, reël vir 'n onderhoud met die leerder. 'n Skriftelike waarskuwing sal uitgereik word. 'n Getekende afskrif van erkenning sal op rekord gehou word deur die Dissiplinehoof van die graad en dit sal met die ouer/voog gekommunikeer word.

Die Dissiplinehoof van die graad sal rekord hou van alle relevante dokumentasie wat verband hou met die oortredings en die dissiplinêre maatreëls wat ingestel is. Die Dissiplinehoof van die graad sal afskrifte aan die leerder se klasopvoeder verskaf.

### **Graad 2 oortredings:**

Alle Graad 2 oortredings sal onmiddellik verwys word na die Dissiplinehoof van die graad. Die personeellid sal, in samewerking met die Dissiplinehoof van die graad, 'n onderhoud met die leerder reël. 'n Skriftelike waarskuwing sal uitgereik word en dissiplinêre optrede sal volg. 'n Getekende kopie van ontvangserkenning sal op rekord gehou word deur die Dissiplinehoof van die graad en dit sal ook gekommunikeer word met die ouer/voog.

Indien 'n graad 2 oortreding vir 'n tweede keer voorkom nadat 'n skriftelike waarskuwing uitgereik is met die eerste graad 1 oortreding, sal die Dissiplinehoof van die graad die saak na die Dissiplinêre Komitee verwys vir 'n dissiplinêre verhoor. Die ouer/voog sal skriftelik vyf dae (5) voor die datum wat bepaal is vir die verhoor, 'n geskrewe dokument ontvang dat 'n interne dissiplinêre verhoor gaan plaasvind.

Indien die spesifieke oortreding weer voorkom nadat die skriftelike waarskuwing gegee is en 'n dissiplinêre verhoor reeds plaasgevind het, sal die Dissiplinêre Komitee dit na die Dissiplinêre Kommissie verwys. Die ouer/voog sal skriftelik ten minste vyf (5) dae vooraf kennis kry van wanneer hierdie dissiplinêre verhoor sal plaasvind. Ouers sal opgeroep word om verhoor by te woon.

Die Dissiplinehoof van die graad sal rekord hou van alle tersaaklike dokumentasie wat verband hou met die oortredings, asook watter dissiplinêre sanksies toegepas is. Die Dissiplinehoof van die graad sal afskrifte van hierdie dokumentasie aan die klasopvoeder voorsien.

### **Graad 3 oortredings:**

Alle graad 3 oortredings sal onmiddellik aan die Dissiplinehoof van die graad gerapporteer word. Die Dissiplinehoof van die graad sal die aangeleentheid na die Dissiplinêre Kommissie verwys, wat sal besluit, afhangende van die erns van die oortreding, of 'n dissiplinêre verhoor sal plaasvind, of dit na die Dissiplinêre Komitee verwys. Die ouer/voog sal skriftelik ten minste vyf (5) dae vooraf kennis kry van wanneer hierdie dissiplinêre vergadering/verhoor sal plaasvind.

### **Graad 4 oortredings:**

Alle graad 4 oortredings sal onmiddellik aan die Dissiplinehoof van die graad gerapporteer word. Die Dissiplinehoof van die graad sal die aangeleentheid na die Skoolhoof verwys, wat onmiddellik 'n verslag sal saamstel vir die aandag van die SAPD en ook 'n dissiplinêre verhoor skeduleer. Die ouer/voog sal ook onmiddellik in kennis gestel word en sal ook skriftelik ten minste vyf (5) dae vooraf kennis kry van wanneer hierdie dissiplinêre verhoor sal plaasvind.

## **C. Dissiplinêre Stappe (Ingrypings)**

1. Die volgende stappe (ingrypings) en korrektiewe maatreëls wat deur die skool gevolg word, het ten doel om gedrag te verbeter en te herstel, voordat skorsing en uitsetting toegepas word:
  - 'n Verbale waarskuwing/teregwysing om afkeur te wys.
  - Skriftelike waarskuwing.
  - Finale skriftelike waarskuwing.
  - Tydelike verwydering uit die klas om onder toesig na 'n aparte vertrek ("time-out").
  - Geskrewe strafwerk.
  - Detensie waarin huiswerk gedoen word.
  - Skoolwerk onder toesig.
  - Herstellende aksie (Detensie).
  - Verwys leerder vir berading.
  - Bywoning van 'n lewensvaardighede-program.
  - Boetes om te vergoed vir skade wat gely is, sodat die herstelkoste van die item wat verloor of beskadig is, verhaal, of die item vervang kan word.
  - Tydelike skorsing uit die klas of skool, afhangende van die uitslag van die dissiplinêre verhoor.
  - Dissiplinêre verhoor.
2. Versuim om te voldoen aan die ingrypings en korrektiewe maatreëls sal lei tot verdere stappe en mag daartoe lei dat die oortreding herklassifiseer word op 'n hoër vlak. Uitsetting mag aanbeveel word vir 'n graad 3 en 4

oortreding. Sien Addendum B, Tabel 2 vir 'n lys van moontlike dissiplinêre maatreëls vir graad 1, 2, 3 en 4 oortredings onderskeidelik.

3. Gedrag wat kan lei tot skorsing/uitsetting sluit in, maar is nie beperk tot die volgende:

- Gedrag wat in stryd is met die regte en veiligheid van ander.
- Kriminele gedrag van enige aard.
- Skending of vernietiging van van skoleiendom.
- Disrespekvolle of aanstootlike gedrag en verbale aanvalle op onderwysers, ander skoolpersoneel of mede-leerders.
- Weiering om te voldoen aan wettige versoeke of instruksies wat deur persone in gesagsposisies gegee word.
- Betrokke by die aanbring van graffiti, rassisme of "haatspraak".
- Seksuele teistering, seksuele molestering en pornografie.
- Immorele gedrag of vloektaal.
- In besit wees van of gebruik van enige narkotiese, ongemagtigde dwelms, alkohol of enige ander middels wat verslawend is.
- Herhaaldelike oortredings van die skoolreëls of die Gedragkode.
- In besit wees van gevaarlike wapens (gewere, messe en enige ander voorwerpe wat die lewens van leerders/opvoeders bedreig.)

4. Indien 'n leerder skuldig bevind word deur 'n hof omdat die wet oortree is, het die skool die reg om, nadat daar 'n regverdige verhoor plaasgevind het deur die BL, uitsetting voor te stel aan die Provinsiale Onderwysdepartement.

5. 'n Dissiplinêre verhoor sal plaasvind om uitsetting voor te stel. Die aanbeveling vir uitsetting sal aan die Departement (WKOD) ingedien word om die besluit te bekragtig.

6. Indien goedkeuring vir uitsetting nie bekragtig word nie, sal leerders berading of die toepaslike lewensvaardigheidsprogram moet volg voordat hulle mag terugkeer na die klas. Hierdie leerders sal in die tussentyd in 'n alternatiewe lokaal geakkommodeer word. Hier moet hulle onder toesig voortgaan met hulle skoolwerk totdat hulle die beradingsessies of die lewensvaardigheidsprogram voltooi het.

#### **D. Skorsing van 'n leerder deur die Skoolhoof of Adjunkhoof as 'n voorsorgmaatreël**

Die BL magtig die Skoolhoof of Adjunkhoofde om skorsing as voorsorgmaatreël toe te pas, ten opsigte van 'n leerder wat aangekla word van 'n ernstige misdryf, soos gevind word in Afdeling 8 van die SA Skolewet (84 van 1996).

1. Voordat 'n leerder geskors word, moet die leerder en sy/haar ouers die geleentheid gegun word om aan te dui waarom skorsing nie oorweeg behoort te word nie.
2. Die dissiplinêre proses moet 'n aanvang neem binne een (1) week nadat die skorsing ingestel is. Indien die proses nie binne een (1) week begin word nie, moet goedkeuring vir die voortsetting van die skorsing vanaf die Departement (WKOD) verkry word.
3. Hierdie skorsing sal van toepassing wees totdat 'n leerder onskuldig bevind word. Indien die leerder skuldig bevind word, sal die toepaslike straf bekendgemaak word.

#### E. Dissiplinêre vergaderings en Dissiplinêre verhore

1. Die volgende amptelike vorms sal vir wangedrag en dissiplinêre verhore gebruik word:
  - Geskrewe waarskuwing (Dissiplinêre waarskuwingsvorm) (Addendum C)
  - Finale skriftelike waarskuwing (Addendum D)
  - Kennisgewing van dissiplinêre verhoor (Addendum E)
  - Rekord van dissiplinêre verhoor (Addendum F)
  - Verwysingsvorm (Appel teen strafmaatreël) (Addendum G)
2. Geskrewe kennisgewings van 'n dissiplinêre vergadering of – verhoor moet ten minste vyf (5) dae voor die vergadering/verhoor, wat tot tydelike skorsing van klasse, asook formele geskeduleerde toetse en eksamens, wat in berekening gebring word vir die jaarpunt, aan die ouers bestel word.
3. Wanneer 'n kennisgewing aan 'n leerder uitgereik word, moet die ouer/voog die ontvangserkenning teken. **Let wel, hierdie ondertekening is nie 'n skulderkenning nie.**
4. Indien 'n leerder nie opdaag vir die vergadering/verhoor nie, sal dit voortgaan in sy/haar afwesigheid.
5. Die skriftelike bevinding van die dissiplinêr, sal aan die oortreder oorhandig word. Die ouer/voog van die oortreder moet ontvangserkenning van die dokument teken.
6. 'n Leerder het die reg om te versoek dat daar herbesin word oor die dissiplinêre aksie wat teen hom/haar geneem is, sou daar voldoende gronde daarvoor bestaan. Verontagsaming van die straf wat deur die Dissiplinêre Kommissie opgelê is, kan lei tot tydelike skorsing tot en met 'n dissiplinêre verhoor.
7. Die Dissiplinêre Kommissie wat in beheer is van 'n Dissiplinêre vergadering, sal bestaan uit die volgende lede:
  - Die BL Voorsitter;

- Ten minste twee ander BL-lede wat ouers is;
  - 'n BL-lid wat nie 'n ouer is nie;
  - 'n Lid van die Skoolbestuurspan;
  - Die Dissiplinehoof van die Skool;
  - Die Dissiplinehoof van die Graad.
8. Die vergadering/verhoor sal ook bygewoon word deur die opvoeder wat as getuie sal optree, asook enige ander leerder wat die beskuldigde kan bystaan in sy/haar verweer.
9. Dissiplinêre maatreëls wat 'n Dissiplinêre Kommissie mag instel, sluit in:
- Strafpunte.
  - Skorsing uit die skool vir 'n minimum van twee dae tot 'n maksimum van vyf dae, goedgekeur deur die BL, met onmiddellike effek. Hierdie sanksie sal skriftelik bevestig word en 'n afskrif sal op rekord geplaas word.
  - 'n Aanbeveling met betrekking tot berading/bywoning van 'n lewensvaardigheidsprogram sal ook gemaak word.
  - Die oortreder se vordering sal vir 'n minimum periode van twee (2) weke gemonitor word, en opgevolg word met 'n vorderingsverslag.
  - Indien 'n geskrewe verslag oor gedragsafwyking uitgereik word, moet 'n getekende afskrif op rekord geplaas word.
  - Betaling om die koste te dek om die beskadigde, verlore of gesteelde item te herstel, of te vervang.
  - "Time-out" tydperk by die skool soos deur die Dissiplinêre Komitee bepaal.
10. Die Dissiplinehoof van die grad sal op rekord hou alle dokumentasie wat verband hou met die aangeleentheid, die verloop van die verhoor, sowel as die bevindinge van die komitee, asook die dissiplinêre maatreëls wat ingestel word.
11. Die Dissiplinehoof van die graad sal die klasopvoeder van al die inligting wat noodsaaklik is vir hul rekordering, voorsien.

## **F. Prosedure tydens verhore**

1. Die Voorsitter van die Kommissie moet die vergadering lei en:
- Die persone teenwoordig voorstel en hul rolle (funksies) verduidelik.
  - Verseker dat die getuies teenwoordig is slegs wanneer hulle hul getuienis lewer.
2. Die Voorsitter moet die leerder inlig oor sy/haar regte.
- Die reg tot 'n formele verhoor.

- Die reg om teenwoordig te wees by die verhoor.
  - Die reg om tyd gegun te word om voor te berei vir die verhoor.
  - Die reg om voortydig kennis te ontvang van die aantygings.
  - Die reg om verteenwoordig te word deur een (1) interne verteenwoordiger.
  - Die reg om vergesel te word na die verhoor deur ouers/ voogde indien die leerder minderjarig is.
  - Die reg om vrae te vra op bewerings wat deur enige getuie, of enige bewyse of verklarings van getuies, wat uitgespreek word.
  - Die reg om getuies te roep wat kan getuig namens hom/haar.
  - Die reg tot 'n tolk, wat 24 uur voor die aanvang van die verhoor aangevra mag word.
  - Die reg om te appelleer binne vyf (5) dae teen enige straf wat deur die Dissiplinêre Kommissie opgelê is.
  - Indien die leerder afwesig is, sal die verhoor voortgaan in sy/haar afwesigheid.
3. Die Voorsitter moet die aard van die beweerde oortreding of wangedrag aan diegene teenwoordig, verduidelik.
  4. Die prosedure wat gevolg word, is dat die klaer en sy/haar getuies eerste aangehoor word. Die leerder en die paneel mag vrae vra aan hulle. Die leerder en sy/haar getuies sal dan getuienis lewer en die klaer en die kommissie mag dan vrae vra.
  5. Wanneer al die getuienis aangehoor is, moet die Voorsitter die ondersoek sluit en die klaer, die leerder, die verteenwoordigers, die ouers/voogde en al die getuies verdaag.
  6. Die Dissiplinêre Kommissie moet die getuienis bespreek, die bewyse opweeg en tot 'n besluit kom.
  7. Die Voorsitter moet weer die hele vergadering bymekaar roep.
  8. Die Voorsitter kommunikeer die bevindinge aan almal teenwoordig.
  9. Indien 'n leerder skuldig bevind word of skuld erken, sal beide partye 'n geleentheid gegun word om 'n voorlegging in terme van die straf vir die kommissie te maak.
  10. Die Voorsitter moet die besluit van die kommissie verduidelik, asook redes gee waarom die straf (indien enige) opgelê is.

